# DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL
# John Vorster

Geregistreer as 'n niewinsgewende organisasie
REG NO: 023-864-NPO

**E-POS adresse:**

info@htsjv.co.za
finansies@htsjv.co.za
jeugleiding@htsjv.co.za

sias.botha@htsjv.co.za
adowd@htsjv.co.za

Posbus 31714
TOTIUSDAL 0134
Webblad: www.htsjv.co.za

Meyerstraat 1072
Rietfontein

Tel : 012 332 1760/1/2


29 Junie 2020

OUEROMSENDBRIEF 13 VAN 2020

Geagte JV-ouers/-voogde

Oor twee dae is ons reeds in die tweede helfte van 2020! Wie sou kon dink dat ons personeel en die leerders in die koudste gedeelte van die jaar moet skoolgaan in plaas van om 'n heerlike, snoesige wintervakansie tuis met 'n boek voor die kaggelvuur deur te bring. Die ou lewe is vol verrassings, maar ek glo dat ook uit hierdie COVID 19-grendeltydperk vir almal positiewe dinge sal vloei en ons sinvolle lesse sal leer.

Ek deel graag met u die volgende inligting:

## 1 INFASERING VAN ANDER GRADE

Die skoolbestuur het soos in die vorige brief aan u genoem, die opsie ondersoek om die res van die grade almal op 6 Julie te begin. Na deeglike besinning het ons egter besluit om slegs die gr. 10- en 11- leerders op 6 Julie in te faseer en die res van die leerders steeds op 3 Augustus. Die opsie om soveel meer leerders op een slag in te faseer, verhoog bloot die risiko soveel meer om die virus op te doen. Ons hoop om op hierdie wyse die gogga in ons skool hok te slaan.

## 2 MATRIEKLEERDERS

Die week van **29 Julie tot 3 Julie** is die laaste week wat die gr.12-leerders alleen by die skool is en vir daardie vyf dae is hulle terug in hulle normale klasse met gewone onderrig en interaksie. Hulle volg dag 1 tot 5 van die gewone rooster en die skool sluit om 14:00.

**Vanaf 6 Julie** tot die einde van die jaar volg hulle dan ook die normale skoolrooster, maar elke dag op hulle rooster word herhaal. Ek plaas 'n voorbeeld hieronder.

| M | D | W | D | V | M | D | W | D | V |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 6 Julie | 7 Julie | 8 Julie | 9 Julie | 10Julie | 13Julie | 14Julie | 15Julie | 16Julie | 17Julie |
| Dag 1 | Dag 1 | Dag 2 | Dag 2 | Dag 3 | Dag 3 | Dag 4 | Dag 4 | Dag 5 | Dag 5 |

So gaan dit aan tot by dag 7 en dan word die rooster weer vanaf dag 1 herhaal. Die rooster is sover tot einde Augustus opgestel en vir u en u kind se gerief aangeheg. Wanneer September aanbreek, sal ons na aanleiding van die stand van COVID 19 besluit of ons die rooster moet hersien.

# 3 GR. 10- EN 11-LEERDERS

## 3.1 Infasering op 6 Julie en 7 Julie

**Die gr. 10- en 11-leerders begin om die beurt op 6 en 7 Julie. Alle graad 10- en graad 11-klasse word in die helfte verdeel: A-groepe en B-groepe**. Die A-groepe kom op die een dag skool toe terwyl die B-groepe tuis studeer. Die volgende dag kom die B-groepe skool toe, terwyl die A-groepe weer tuis studeer. ‘n Stel gr. 10- en gr.11-klaslyste is aangeheg sodat u kan sien in watter groep u kind val. Geen uitsonderings sal met die indeling van die leerders gemaak word nie.

‘n Lys met die lokale waarin die leerders elke dag onderrig gaan ontvang, word ook aangeheg sodat u kind vanaf die eerste dag wat hy/sy terug is, direk na daardie lokaal kan beweeg. Leerders gaan nie deur die loop van die dag klasse wissel nie. Slegs die helfte van ‘n klas word op ‘n dag geakkommodeer sodat die nodige sosiale afstand en veiligheidsmaatrëels gevolg kan word.

Geen leerder gaan dus ‘n dag se vakke verloor nie, omdat elke dag se rooster die volgende dag vir die B-groepleerders herhaal word.

| M | D | W | D | V |
|---|---|---|---|---|
| 6 Julie | 7 Julie | 8 Julie | 9 Julie | 10Julie |
| Dag 1 | Dag 1 | Dag 2 | Dag 2 | Dag 3 |
| 10 en 11 A | 10 en 11 B | 10 en 11 A | 10 en 11 B | 10 en 11 A |

| M | D | W | D | V |
|---|---|---|---|---|
| 13Julie | 14Julie | 15Julie | 16Julie | 17Julie |
| Dag 3 | Dag 4 | Dag 4 | Dag 5 | Dag 5 |
| 10 en 11 B | 10 en 11 A | 10 en 11 B | 10 en 11 A | 10 en 11 B |

| M | D | W | D |
|---|---|---|---|
| 20 Julie | 21 Julie | 22 Julie | 23 Julie |
| Dag 6 | Dag 6 | Dag 7 | Dag 7 |
| 10 en 11 B | 10 en 11 A | 10 en 11 B | 10 en 11 A |

## 3.2 Prosedure tydens aankoms by die skool

### 3.2.1 Toegangspunte

Leerders betree die skoolterrein **slegs** by die noordelike hek in 30ste Laan.

### 3.2.2 Skanderingspunte

3.2.2.1 Gr. 12-leerders se presensie en skandering word in die lapa gedoen.

3.2.2.2 Gr. 10 en 11- leerders se presensie en skandering word in kamer 2 en kamer 3 langs die lapa gedoen.

3.2.2.3 Indien enige leerder positief op enige van die Covid 19-regulasies antwoord of toets, word hy dadelik na die isolasiedeel in die lapa gestuur waar die voorgeskrewe prosedures onmiddellik gevolg word.

### 3.2.3 Waggebied vir gr. 10 tot gr. 12-leerders (na skandering plaasgevind het)

3.2.3.1 Gr. 12
Kom op die B-rugbyveld bymekaar.
Leerders moet self sosiale distansiëring handhaaf.

3.2.3.2 Gr. 11
Kom op die vierkant tussen die sweissentrum en die saal bymekaar.
Bloukolle is op die vierkant aangebring waarop die leerders moet staan om sosiale distansiëring te handhaaf.

3.2.3.3 Gr. 10
Kom op die vierkant tussen die siviele sentrum en die nuwe laboratorium bymekaar.
Bloukolle is op die vierkant aangebring waarop die leerders moet staan om sosiale distansiëring te handhaaf.

## 3.3 Tye

Die hek in 30ste Laan open om 6:50 en sluit 7:30
Die lapa en K2 en K3 open 6:50 en sluit 7:30 vir skandering en vir die neem van die presensie of sodra die laaste leerders die lokale verlaat.
Die voogklasse word om 07:20 vir die leerders oopgesluit.
Personeel ontvang die leerders vanaf 7:20 in sy/haar voogklasse.
Voogwerk vind vanaf 07:30 – 07:40 plaas
Periode een begin om 07:45

## 3.4 Covid 19-skeurbrief

Saam met die e-pos waarin u kind se MICROSOFT TEAMS username en wagwoord gestuur is, was twee dokumente aangeheg: u kind se permitvorm en ‘n dokument rakende inligting oor Covid 19. Aan lg. brief is ‘n skeurbrief geheg wat voltooi moet word, alvorens u kind op die skoolterrein toegelaat kan word –dit is ter beskerming van u eie en ander kinders.
E-pos asb daardie voltooide skeurbrief na dissipline@htsjv.co.za voor u kind terugkom skool toe. U kind kan dit ook die eerste dag wat hy/sy skool toe kom (met aankoms), by

sy/haar voogonderwyser inhandig. Die skeurbrief is aangeheg, sou u die ander een misplaas het.

## 4 GR.8- EN 9-LEERDERS

Die gr. 8- en 9-leerders gaan aan op Microsoft Teams totdat hulle op 3 Augustus terugkeer skool toe. Dankie vir u geduld met die aanpassing op hierdie nuwe platvorm. Om al die sisteme glad te laat verloop is vir ons ook 'n nuwe uitdaging, maar ek is ongelooflik dankbaar en trots op ons personeel vir die hoë standaard van die aanlynlesse wat aan ons leerders gebied word.

Indien daar nog enige haakplekke is moet u nie huiwer om die skool te kontak nie. Ons wil u graag help.

Alle lesse vir die hele week word vir alle vakke op die vorige Vrydag teen 12:00 gelaai. Dit is nie direkte uitsendings wat op 'n gegewe tyd uitgesaai word nie: leerders kan steeds die werk doen wanneer hy/sy dit op sy/haar rooster wil inpas of wanneer daar 'n rekenaar by die huis daarvoor beskikbaar is.

## 5 VOORKOMS

### 5.1 WOENSDAGDRAG

As deel van die veiligheidsmaatreëls het die hoofdekomitee dit goed gedink om leerders toe te laat om op Woensdae siviele drag te dra SLEGS om die ouers meer geleentheid te gee om die skooldrag te was. Sodra die pandemie onder beheer is, is die normale skooldragreëls weer van toepassing. Die dra van nasionale en provinsiale kleredrag op Vrydae verval dus op die stadium. Indien leerders sou wou, kan nasionale en provinsiale kleredrag ook op Woensdae gedra word.

## 6 ONTVANGS VAN WERK OP GEHEUESTOKKIES VIR LEERDERS WAT NIE DATATOEGANG BY DIE HUIS HET NIE

Ons het dit goed gedink om aan u die geleentheid te skep om TWEE 32 GB-geheuestokkies deur die skool aan te koop @ R250 vir die twee stokkies. Die rede daarvoor is dat van die geheuestokkies wat op'n stadium vir ons gestuur is om u kind se werk op te laai, se geheue te klein is, van hulle is vol ander dokumente wat die aflaai van werk bemoeilik en van hulle is beskadig.

Betaal asb teen **Woensdag, 1 Julie om 11:00** die R250 op die skoolrekening in en gebruik u kind se **toelatingsnommer en GEHEUESTOKKIE** as verwysing. Stuur ook asb 'n bewys van betaling na finansies@htsjv.co.za. Daar sal slegs geheuestokkies aangekoop word wanneer bewys van betaling teen die spertyd ontvang is.

Ons wil die proses bietjie vereenvoudig:
Van 6 JULIE af, gaan die proses as volg verloop:

- U plaas 'n geheuestokkie in die boks (baie duidelik gemerk en in 'n sakkie: kind se volle naam, klas, toelatingsnommer en u kontaknommer op) enige tyd vanaf Vrydag tot Sondag by die wag by die hoofhek.
- Die werk word deur die loop van die volgende week op die stokkie gelaai, wat u dan weer die volgende Vrydag, by die wag by die hoofhek kan gaan afhaal.
- U gee dan die volgende week se stokkie in vir die nuwe werk wat daarop gelaai word.

## 7 MEDIESE TOESTANDE

Onthou asseblief om indien u besluit om u kind nie skool toe te stuur as gevolg van 'n onderliggende siekte wat hom/haar 'n groter risiko maak om COVID 19 op te doen, die enigste personeellede met wie u hieroor kan kommunikeer, me Renate Hattingh in die jeugleidingkantoor of me Kritzinger in die dissiplinekantoor is.

Ouers wat reeds aangedui het dat hul kind nie die skool gaan bywoon nie, maar wel 'n ingeskrewe lid van die skool gaan bly, moet eers by die Onderwysdepartement aansoek doen voordat dit toegelaat kan word. Daardie toestemmingdokumentasie vanaf die departement moet dan so gou moontlik aan die skool besorg word.

Gebruik die meegaande skakel om aansoek te doen vir TUISLEER (LDL-Lockdown learning) by die Onderwysdepartement. Stuur asb 'n meegaande e-pos saam met die aansoekvorm waarop u aandui dat u tot tyd en wyl van TUISLEER gebruik gaan maak en dat u al die materiaal wat deur die skool beskikbaar gestel sal word saam met u kind sal deurwerk. Cc asseblief vir me Kritzinger (dissipline@htsjv.co.za by u e-pos in.

https://www.education.gov.za/Portals/0/Documents/Publications/Home%20Education/Application%20forms/GT%20Form.pdf?ver=2020-01-14-101204-843

## 8 AANGEPASTE TYDROOSTER

Die skool se daaglikse tydrooster is vir die COVID 19-tydperk ook aangepas.

**Daaglikse rooster (Maandag tot Vrydag)**
Begintyd: 07:30
Skool sluit: 13:45

Dis 'n hele mondvol; ek hoop u hou nog kop. Sterkte vir die week wat voorlê.

JV-groete



A DOWD
HOOF